

Dankfesseisoen

Oktober 2017– Januarie 2018



Beste Gemeentelid,

DANKFEESPROJEK – VERMEERDERING VAN DIE BROODJIES EN DIE VISSIES

Hierdie tyd van die jaar is die Kerkraad en Kommissies druk besig om te kyk na die bestaande jaar se begroting – hoe het ons gevaar met dit wat aan ons toevertrou was. 'n Kerkbegroting is 'n uitdrukking van hoop en geloof en is geheel en al afhanklik van dankoffers en bydraes uit die gemeente – daarom kan ons nie genoeg dankie sê vir u ondersteuning nie. Die begroting is ook 'n aanduiding van hoe die waardes en roeping van die gemeente uitgeleef word in die wêreld waarin ons beweeg.

Sommige mense voel ongemaklik as daar in die kerk gepraat word oor geld. Tog is dit so, dat rentmeesterskap, wat die verantwoordelike gebruik is van die bronne aan jou toevertrou, juis 'n Bybelse begrip is. Een waarsonder die kerk nie kan bestaan nie. As kinders van God, word ons geroep om verantwoordelike bestuurders te wees van God se gawes, geleenthede, geld en grond. Ons bydraes maak dit weer vir ander moontlik om die seën van die Evangelie te ervaar.

Al nader ons die jaareinde, hou die werk van die kerk nooit op nie, intendeel die behoefte aan versorging neem in 'n groot mate toe. Ons vra dat jy biddend reflekteer oor jou eie bydrae. Ons weet dat 'n tiende dalk vir jou moeilik is om in een maand te gee, daarom strek die Dankfeesprojek oor 'n tydperk van vier maande en sluit af in Januarie 2018 net voor die einde van die finansiële jaar in Februarie.

Om te gee vir die kerk, is 'n weerspieëling van ons dankbaarheid vir ons eie gawes wat ons mildelik ontvang. En om te gee is nie 'n ruiltransaksie nie. Ons gee omdat ons glo dat God dit wat ons gegee het, vermeerder om Sy koninkryk uit te bou in die wêreld. Daarom is ons tema vir die Dankfees die vermeerdering van die broodjies en die vissies. Want ons kan nie God se seën in Weltevreden ontken nie, maar ons glo vas dat ons ander moet seën met hierdie bronne waarmee ons vertrou is.

Ons vra met vrymoedigheid dat julle gesin sal besin oor die Dankfeesprojek en biddend sal besluit oor jul bydrae. Die uitdaging is dat elke gesin gee, volgens hul vermoë.

Ons bid God se seën toe ook vir jul as gesin. Mag julle elke dag in dankbaarheid hierdie gawes ervaar.

Weltevreden-groete

Die Kerkraad